

Sing vooraf staande: Psalm 33:6 (p. 159)

- 6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 65:7, 8 (p. 316)

- 7 Die stroom van God wat neergestraal het / deur volle hemelsluis;
die voor waarin die graan gedaal het, / waar nou die koring ruis;
die druppels wat die halm verkwik het; / die weekheid van die kluit –
dis alles soos die HEER beskik het, / Hy seën en – dit spruit!
- 8 U kroon die jaar met ryke vrugte – / wie kan u seen belet?
U wolkewa trek deur die lugte, / sy spore drup van vet.
Die veld vang nou die reëndrappel, / die weiding bly nie droog;
die heuwels, in hul blydschap, huppel / in groen gewaad omhoog.

Gebed

Psalm 62:4 (p. 302)

- 4 Maar jy, my siel, swyg stil voor God, / beskikker van jou lewe en lot,
wat nooit sy woord ontrou sal wees nie. / God is my rots, 'n skans vir my,
Hy sal my voetstap veilig lei, / ek hoef geen wankeling te vrees nie.

Skriflesing: Job 12:7-25

Teks: Job 12:7-25; Kategismus Sondag 10

Daar is een groot waarheid in die lewe: Dit is dat die Here oor letterlik alles beskik. Hy beskik oor alles wat bestaan en oor die hele natuur, en uiteindelik oor letterlik alles in tyd en ewigheid.

Waarom stuur die Here ons na die skepping toe om al hierdie dinge weer te gaan sien en hoor – terwyl die ware gelowige dit tog weet?

- Hy wil hê dat ons die groot troos in die feit van sy skepping en onderhouding van alle dinge moet raaksien, en dan begryp dat daar op dieselfde manier vir ons voorsiening gemaak word.
- Ons noem dit die voorsienigheid.
 - Dit is waarom Job ons, in 'n tyd toe dit gelyk het of die Here hom vergeet het, met hierdie woorde na die diere verwys, sodat hulle ons kan leer.
 - Dit is waarom Job ons na die voëls van die hemel verwys, sodat hulle die raad van God aan ons te kenne kan gee.
 - Hy stuur ons na die aarde self toe, en na die see en die visse toe, sodat hulle ons moet vertel dat die hand van die Here al hierdie dinge gemaak het, en dat die hand van die Here dit nog steeds elke dag onderhou.

Wees eerlik: as u so daaraan dink, dan versterk dit tog u geloof, want dis 'n groot troos om te kan weet dat ons elke oomblik van ons lewe in God die Here se genadige hande is.

Die Here openbaar Hom in die voorsienigheid as die Vader van almal wat Hom vrees.

1. Presies wat is die voorsienigheid?

2. God se almag en wysheid

3. Waar pas ons?

1. Presies wat is die voorsienigheid?

In die eerste plek beteken dit dat God voorsien. Met ander woorde: Hy gee waar daar behoefte is.

- Dit beteken verder dat Hy 'n raadsplan het wat elke ding of wese in die skepping beheers.
- Dit is wat die Here Jesus bedoel as Hy sê dat tot die geskiedenis van elke haar op my kop tot in die fynste toe vasgestel is.
 - Jesus het eenkeer gesê: Nie eers 'n haar sal van jou hoof val sonder die wil van die hemelse Vader nie.
 - Die Here Jesus leer ook dat 'n mossie nie eers doodgaan sonder dat die Vader dit beskik het nie. 'n Niksbeduidende voëltjie, maar sy lewensgange is deur die Here bepaal tot met sy dood toe.

Dink nou net: As die Here dit met 'n haar en vir 'n mossie doen, wat gaan Hy dan nie doen vir u wat in Hom glo, en wat Hom aanbid nie?

Die uitverkiesing is ook deel van God se raad.

- Wanneer Paulus aan die Romeine skryf dat God nog voor die geboorte van Jakob en Esau na hulle moeder toe gekom en haar vertel het dat Hy een kind liefgehad en die ander een gehaat het, kom ons baie duidelik agter dat die lewens van alle mense (uitverkiesing) ook volgens 'n plan verloop.
- Daar staan in daardie gedeelte van die Bybel dat die dinge só gebeur sodat God se voorneme volgens sy verkiesing vas kan staan.
 - Dit is dus ook deel van die voorsienigheid.

Die troos wat ons uit hierdie gedeelte leer, is dat die Here na die sondeval die aarde en die mense nie aan hulleself oorgelaat het nie.

- Die Here onderhou alles en almal nog steeds.
- Hy bestuur dit alles so dat die hele gang van die geskiedenis uitloop op die verlossing van die gelowiges.
- Terselfdertyd is dit natuurlik 'n raadsplan van onheil oor die ongelowiges.

U moet net onthou dat God almagtig is en dat Hy in sy krag ook alomteenwoordig is.

- Die oomblik as ons dit vergeet en van die Here dink asof Hy 'n mens is wat deur ruimte beperk word, sal ons begin wonder hoe al die dinge kan gebeur.
- Maar solank as wat ons onthou hoe geweldig groot God se krag en alomteenwoordigheid is, sal ons wat ware gelowiges is, begryp dat die Here al hierdie dinge maklik kan doen.

2. God se almag en wysheid

Volgens Bybel moet ons God se almag en wysheid leer ken uit die geskiedenis. Wat anders as God se almag kon die aarde en alles wat daarop is in stand hou tot nou toe? Beslis nie ons mense se krag en vermoëns nie.

- Die feit dat ons na die natuur toe gestuur word, dui juis daarop dat God oor alles in die natuur regeer.

- Dus: ook oor reën, droogte, vrugbare en onvrugbare jare, en wat nog alles.
- Ons het baie voorbeelde hiervan in die Bybel, maar ons het dit ook gelees in vers 15:

**Kyk, Hy hou die waters terug, en hulle verdroog.
Ook laat Hy hulle los en hulle keer die aarde om.**

- In die natuur beplan Hy alle dinge, soos oorstromings, droogtes en normale jare.
- Elke ding gebeur in gehoorsaamheid aan God se wette. Niks gebeur toevallig nie.

Die Here beskik dus oor alles soos wat dit Hom welgeval. Daarom kan ons nie praat van toeval (toevallig dit en dat) nie.

- Toeval is wanneer daar geen verband is tussen oorsaak en gevolg nie. Met ander woorde, iets gebeur sonder dat iemand of iets daarvoor aanleiding gegee het.
- Die Bybel openbaar dat die Here alles beplan.
 - By mense beplan Hy verharding of bekering.
 - Dit staan presies so geskryf in Romeine 9: God het Farao verhard sodat Hy in Farao sy almag kon toon.

Daarteenoor lei Hy die gelowiges in sy genade. Lees maar Psalm 145:16:

U maak U hand oop en versadig alles wat lewe met U welbehae.

en vers 15:

Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hulle spys op die regte tyd.

As die Bybel ons dan na die diere toe stuur, en na die voëls en die aarde en die see, sodat hulle vir ons moet getuig hoe die Here se hand alles genadiglik voorsien, hoeveel te meer sal Hy dan nie aan ons voorsien nie?

- *Hy openbaar dat Hy deur die dood en opstanding van die Here Jesus voorsien dat ons tot in ewigheid by Hom gaan woon.*

3. Waar pas ons?

Ons is totaal van God afhanklik vir alles wat ons doen en sê.

- Ons is liggaamlik en geestelik van God afhanklik.
- Al word ons soms hoe opstandig ook al as die lewe nie verloop soos ons wil nie, God bestuur ons lewe met sy heiligheid.
- U kan dus elke dag met die vertrouwe lewe dat u lewe veilig is, omdat dit in God se hande is.
 - U hoef nooit te twyfel oor God se bekwaamheid om U te beskerm wanneer u in 'n krisis is nie.
 - Ook nie wanneer u in swaar siekte of benoudheid is nie.
 - Of wanneer armoede u bedreig nie. In die grootste teëspoed kan u u met vrymoedigheid op die almag van God verlaat.
 - Hy voorsien vir almal. Veral vir die wat glo.

Die raadsplan of voorsienigheid van die Here word in die Bybel baie duidelik aan ons geopenbaar. Dit is nie vir ons 'n saak wat heeltemal geheim of onverstaanbaar is nie.

- Die Here openbaar dat Hy vir ons verlossing in Jesus Christus voorsien.
- Die Here het sy raad aan Adam en Eva gaan openbaar.
 - Hy het gesê dat Hy 'n Verlosser gaan voorsien.
 - Wat Hy toe gedoen het.

- God se raad het voorsien dat Jesus as 'n mens onder ons gelewe het.
- God se raad het voorsien dat die Here Jesus die duivel in elke opsig teëgestaan en oorwin het.
- God se raad het voorsien dat die Here Jesus 'n vloekdood gesterf het om God se straf te dra.
- God se raad het voorsien dat die Here Jesus met sy aflegging van sy lewe en die opstanding uit die dood die duivel oorwin het.

Al hierdie dinge is vooraf geopenbaar en het toe so gebeur sodat God sy raad en verlossing oor u bevestig het.

- Nou kan die duivel jou nie van God af wegroof nie.
- Jesus se dood het nie vir die eerste keer betekenis as ons eers voor die Ewige Deure staan nie.
- Hy sterf ook sodat God se genade reeds in hierdie lewe oor ons van krag is, sodat ons in alles versorg is, totdat Hy ons in sy heerlijkheid opneem.

Jesus Christus en God die Vader het na die hemelvaart die Heilige Gees teruggestuur na ons toe.

- In hierdie moeilike tye wat die laaste tyd van die aarde se bestaan kenmerk, is God die Heilige Gees ons Leidsman en Trooster.
- Die Heilige Gees leer ons en verseker ons dat te midde van alle spanning en oorloë en verdrukking ons nog al die tyd binne die raamwerk van God se genade en raadsplan is.
- So word ons steeds deur God Persoonlik bewaar en gelei deur ons lewe.

Kom ons lees Kategismus Sondag 10 saam.

Vraag 27: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?

Antwoord: Die almagtige en oralteenwoordige krag van God (a) waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer (b) dat lower en gras, reën en droogte (c), vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte (d), rykdom en armoede (e) en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom (f).

(a) Hand 17:25-28; Jer 23:23, 24; Jes 29:15, 16; Eseg 8:12. (b) Heb 1:3. (c) Jer 5:24; Hand 14:17. (d) Joh 9:3. (e) Spr 22:2. (f) Matt 10:29; Spr 16:33.

Vraag 28: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?

Antwoord: Dat ons in alle teëspoed geduldig (a) en in voorspoed dankbaar (b) kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertrouwe in ons getroue God en Vader (c) kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie (d), aangesien alle skepsels so in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie (e).

(a) Rom 5:3; Jak 1:3; Ps 39:10; Job 1:21, 22. (b) 1 Tess 5:18; Deut 8:10. (c) Ps 55:23; Rom 5:4. (d) Rom 8:38, 39. (e) Job 1:12; 2:6; Spr 21:1; Hand 17:2.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 33:10 (p. 160)

- 10 Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte / en red hul siele van die dood.
Hy sorg vir hul by somerdroogte, / in sware tyd en hongersnood.
In die grootste smarte / bly nogtans ons harte / op die HEER vertrou.
Hy, ons skild, Hy wyk nie, en ons hulp beswyk nie / waar ons hart op bou.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 24 Augustus 2003

Hulpdienspredikant Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 26 Mei 2013